

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Sondag 41

Sewende Gebod

Dr AH Bogaards

Lees: Efesiers 5:18-33, Johannes 1:1-14

Teks: Efesiers 5:22

HK: Sondag 41

Psalms: Ps 127:1,2; Ps. 119:11,12; Ps.128:1,2; Ps.128:3,4

1. Inleiding:

Ons kom vandag in die behandeling van die Heidelbergse Kategismus by die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie.

Nou weet u sekerlik: Die Tien Gebooe is so opgestel is, dat nie telkens by elke gebod alle moontlike oortredings van 'n spesifieke gebod ter sprake kom nie. Net een belangrike voorbeeld van nakoming of oortreding van die spesifieke gebod word genoem. By die vyfde gebod byvoorbeeld word net eerbied vir vader en moeder genoem; tog weet ons dat ook eerbied vir ander gesagsinstansies soos die regering en die kerkraad daarby ingesluit is.

Dieselfde kry ons ook ten opsigte van die sewende gebod: Net die huwelik word genoem: die huwelik, die eg, mag nie gebreek word nie. Tog sluit hierdie gebod volgens ons belydenis baie meer in as net die huwelik. So bely ons: Ons moet kuis en ingetoë lewe **sowel binne as buite die huwelik**. Hierdie gebod het dus ook iets te sê vir mense wat nog **ongetroud** is. By die **alle onkuisheid**, waarvan die belydenis praat, moet ons dus ook dink aan onkuisheid buite die huwelik, soos voor-huwelikse seks.

Die belydenis laat ons verder ook sien dat dit nie net gaan oor die seksdaad, oor **alle onkuise dade** nie, Nee, maar dit gaan ook oor **alle onkuise gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei**. Dit gaan dus ook oor ons vulgêre gedagtes, ons sekswoorde, ons seksgrappe, oor pornografie, oor TV-programme en

rolprente waarin seks buite die huwelik as iets normaal voorgestel word, ens. Ook dit verbied die sewende gebod.

In die prediking van vandag wil ek my egter toespits op die huwelik: die ontstaan van die huwelik, die verval van die huwelik en die herstel van die huwelik.

Drie punte vra ons aandag:

1. Die Woord en die eerste huwelik
2. Die afval van die Woord en die verbrekking van die eerste huwelik
3. Die Woord en die herstel van ons huwelik

2.1. Die Woord en die eerste huwelik

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.” So begin die Johannes-evangelie (vv 1-4)

*Alle dinge het **deur die Woord**, deur ons Here Jesus Christus, ontstaan.* Dit geld óók van die skepping van die eerste mensepaar, die eerste huwelikspaar. Daardie woorde van Johannes gee ons nog ’n verdere kyk op die gebeure van Genesis 1 vers 26 en Genesis 2. In Genesis 1 vers 26 sê God naamlik: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” En Johannes 1 sê vir ons: Deur die Woord het ook die eerste huwelik daar in Genesis 1 en 2 tot stand gekom. *So het die Drie-inge God dus daar aan die begin alles geskape*, ook man en vrou, *ook die huwelik: **deur die Woord**.*

Deur die Woord het die huwelik tot stand gekom. Deur die Woord het dit ONTSTAAN. **MAAR OOK**: deur die Woord bly dit VOORTBESTAAN. Deur te bly by daardie Woord sou die eerste huwelik bly voort-**lewe** en opbloeï en mooi wees. In daardie Woord was lewe. Ja, en die Woord van die Woord was juis: dat die eerste mensepaar beeld van God moes wees, onderkonings in sy diens, sy verteenwoordigers, wat tot lof en lofprijsing van die Here sou heers en hulle opdrag sou nakom om die aarde te bewerk en

te vermenigvuldig. IN GEHOORSAAMHEID AAN DIE WOORD. Dit was nou lewe, in die egte en in die volste sin van die woord.

So was die eerste huwelik volmaak: Wanneer Adam en Eva saam daardie heerlik taak van onderkonings van God sou nakom, as onder-konings na daardie Woord sou luister. Daarby het die Woord, Jesus, ook in Genesis 2 sy proefgebod, sy proef-Woord gegee: “Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.” (Gen 2:16,17).

En direk daarop word weer melding gemaak van die *skepping van die vrou as hulp* van die man. En daardie hulp-wees sal sekerlik slaan op die beeld-van-God-wees. En die bly by die Woord, want so alleen kan die mens onderkoning, beeld van God wees, nie waar nie? DAARIN, juis daarin sal sekerlik die hulp-wees-van-die-vrou-vir-haar-man lê: as sy so 'n hulp is, sodat hulle saam, langs die weg van lewe by die Woord, onderkonings tot verheerliking van God sou wees.

Daarin lê vandag nog die hart en die bedoeling van die huwelik: Wanneer man en vrou so lewe en mekaar so lei en ondersteun dat hulle lewe by die Woord en deur die krag van die Woord werklik onderkonings sal wees.

- Bly by die Woord. Dit was die **eis** van die Woord.
- In die Woord is die lewe. Dit was die **belofte** van die Woord, afgebeeld in die lewensboom.

➔Die Woord was ook daar in die paradys die geheim, die geheim van die huwelik.

Maar waar die Woord losgelaat word, daar tree die dood in. Daar verbrokkel die huwelik.

En juis dit sien ons in Genesis 3:

2.2. die afval van die Woord en die verbrokkeling van die eerste huwelik

Eva laat die Woord los, die lewenswoord dat hulle nie mag eet van die boom in die middel van die tuin nie.

Maar dit is nie al nie. In plaas dat sy doen wat sy moet doen, om Adam op te roep tot gehoorsaamheid aan die lewenswoord, verlei sy hom tot die doodswaard van die Satan.

En Adam – in plaas dat hy sy vrou lei met die lewenswoord van God, laat hy hom lei deur haar woord.

En waar die lewenswoord losgelaat word, daar sterf die huwelik. Want direk na die sondeval kry ons die eerste huweliksonenigheid. Adam beskuldig Eva: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet (Gen.3:12).

Daar – by die sondeval – lê die oorsaak van alle egbreuk, huweliksonenigheid, onkuisheid, homoseksualiteit en noem maar op.

Deur die Woord is die huwelik geskep. In Johannes sien ons dat die Woord ook die huwelik herskep. Dit is die derde gedagte:

2.3. Die huwelik herstel deur die Woord, dit wil sê deur Christus

Daar is 'n besondere ooreenkoms tussen Johannes en Genesis.

- **Genesis** begin deur te vertel dat God in die begin deur sy Woord alles gemaak het (Gen.1) en hoe Hy man en vrou gemaak het en die vrou as hulp vir die man gegee het (Gen.1 en 2).
- **Johannes** begin ook deur te vertel dat alles deur die Woord ontstaan het (Joh.2) en dan die huwelik of bruilof te Kana (Joh.2).

Johannes skryf nie sonder rede dat Jesus die begin van sy wonderwerke verrig het op 'n bruilof nie. Christus het met die begin van die tekens van sy koninkryk begin daar waar die sonde begin het naamlik in die huwelik.

Die Woord is die Hersteller, die Woord is die Verlosser, die Herskepper van die huwelik.

- En in **Efesiërs 5:18-33** verrys voor ons oë die herstelde huwelik.

Wonderlike word daar van die huwelik gesê – nee, BEVEEL deur die Woord.

Die vrou word beveel: "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig" (v.22). Kragtens God se bevel moet die vrou haar onderwerp aan die leiding van die man. Daarby voeg Jesus die woorde "soos aan die Here (Jesus)". Daarmee bedoel die apostel: Vroue, julle onderdanigheid aan julle mans is deel van julle plig teenoor Christus. In julle

onderdanigheid aan julle mans eer julle nie maar net 'n mens nie, maar die Koning van die kerk.

En van die manne word gesê: Die man moet leiding neem, hoof wees – ja, maar die man moet op 'n heel besondere manier lei: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê" (v.25). Met hierdie woorde sê Christus, die verlossende, herskeppende Woord, waat in Efesiërs 5 ook aan die Woord is *hoé* die man oor die vrou moet heers en *hoé* 'n hoof hy moet wees. 'n Christen-man heers op 'n ander manier oor sy vrou as wat 'n ongelowige man dit noem. In die heidense wêreld van daardie tyd was die man niks anders as 'n tiran nie en die vrou niks meer as 'n slavin nie. Maar die Woord leer hier anders: Manne, julle heerskappy moet gedra en gestempel word deur die liefde. Paulus gebruik hier 'n baie besondere woord (agape), wanneer hy die manne oproep tot liefde. Dit is dieselfde woord as wat in die Bybel altyd gebruik word vir die liefde van God vir sy kinders. Sò, sê Paulus, sò moet julle, manne, julle vroue liefhê. Julle moet julle vrouens liefhê soos God sy volk lief het.

Dan verduidelik Paulus presies wat hy bedoel met hierdie liefde. Hy wys die mans op die liefde van Christus: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad". Waarin het die liefde van Christus vir sy bruid, vir sy gemeente geblyk? Daarin dat Hy Homself geoffer vir sy bruid. Christus se liefde was 'n selfopofferende liefde. Sò is die ware liefde: Dit word nie gedryf deur selfliefde nie, maar dit word gekenmerk deur offervaardigheid.

- JA, dit is alles wonderlike dinge wat hier gesê word van die huwelik. Groot dinge wat hier aan ons beveel word. *Maar hoé* kan man en vrou nou hierdie opdragte nakom?

Die oplossing vind ons in Efesiërs 5:18. Daardie teks is die sleutel tot die nakom van die opdragte wat in vers 22 tot 33 met betrekking tot die huwelik gegee word. God self stel ons deur sy Heilige Gees instaat om hierdie opdragte na te kom. Dit lê in die woorde van vers 18: *Word voortdurend met die Heilige Gees vervul.*

Wat sou Paulus bedoel met die woord "*vervul*"? Om deur iets vervul word, beteken: om geheel en al daardeur in beslag geneem te word en daardeur beheers te word. Neem nou byvoorbeeld die beeld wat Paulus gebruik: "Moenie dronk word van wyn nie." Wat sê

ons van iemand wat dronk is? Ons sê : Hy is onder die *invloed van drank*. Dit beïnvloed sy hele doen en late.

Ons as gelowiges mag nie onder die invloed van wyn wees nie. Ons moet ons onder 'n ander invloed wees: ons moet vervul word met die Heilige Gees. Word vervul met die Heilige Gees: Word vol van die Heilige Gees. Wees onder sy invloed. Waar ons deur die Gees beheers word en onder sy invloed is, daar heers ook die liefde. Een van die vrugte van die Heilige Gees is, aldus Galasiërs 5, die liefde, daardie ware Goddelike liefde. Waar daardie liefde ons beheers, bloei die huwelik op, kom daar 'n ware omgee vir mekaar.

Maar hierdie liefde van die Gees is nooit iets los van die Woord nie. Die liefde van die Gees kom wanneer die Gees ons deur die geloof inplant in die Woord – daardie Woord wat ons in die paradys losgelaat het.

Ook die huwelik word by die Woord van die kruis alleen herstel en aan die voet van Golgota word 'n lewe van kuisheid gebore. Aan die kruis sterf ons onkuis, liefdelose ou mens en deur die opstanding van Christus word die kuis nuwe mens gebore.

3. Slot

Die Woord, Christus, skep die huwelik; die Woord herskep dit ook.

Daarom moet huwelikspare digby daardie Woord leef –in die prediking, in die huisgodsdien..

- Met die Woord moet die man sy vrou lei. Dan is hy hoof, liefdevolle hoof.
- Met die Woord moet die vrou vir haar man 'n hulp wees. Dan is sy 'n hulp.

En so, by die Woord, sal man en vrou onderkonings wees tot lof van God en tot vreugde vir mekaar.

Die Woord doen dit. Die Woord alleen. Die Woord is alles.

AMEN